basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

DANSSTUDIES

MEI/JUNIE 2026

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 26 bladsye.

Kopiereg voorbehou

NOTA VIR NASIENERS:

Hierdie vraestel moet deur ervare dansonderwysers/-adviseurs/-amptenare met gespesialiseerde danskennis gemerk word.

- Die standaardiseringsproses tydens die nasienriglynbesprekings verseker dat hierdie riglyne die meeste moontlike antwoorde, wat die kandidate kan voorsien, insluit.
- Die nasienriglyne mag op geen wyse verander word nie.
- Hou streng by die nasienriglyne wanneer nasien en pas konsekwent toe.
- In sekere kwalitatiewe vrae moet professionele en ingeligte oordeel toegepas word.
- In sekere vrae, het kandidate 'n keuse. As kandidate albei vrae beantwoord het, sien slegs die EERSTE vraag wat beantwoord word, na. Trek 'n streep deur die tweede antwoord wat nie nagesien word nie.
- In sekere vrae waar kandidate gevra word om 'n spesifieke hoeveelheid feite te verskaf, moet slegs die verwagte hoeveelheid nagesien word indien meer verskaf word.
- Inligting hoe om punte toe te ken wanneer 'n nasienrubriek gebruik word kan in die **LET WEL** afdeling van daardie spesifieke vraag gevind word.
- Kandidate mag korrekte inligting insluit wat nie noodwendig in die handboek verskyn nie. Onsekerheid oor enige inligting wat deur die kandidaat verskaf word, moet deur navorsing geverifieer word, voordat daar verder gemerk word.
- Hoë, medium en lae kognitiewevlakke wat in elke antwoord verwag word, is ingesluit bokant elke vraag. Dit moet toegepas word wanneer punte toegeken word. Die beskrywende **werkwoord/instruksiewoord** in elke vraag en die **taakvereistes** moet as riglyn vir die toekenning van punte dien.
- Die stappe waardeur kandidate moet gaan om die vraag te beantwoord, word onder die opskrif - **DINKPROSES** ingesluit.
- Die nasienriglyne verskaf **'n voorbeeld van 'n antwoord** in 'n teksblokkie onder die verwagte reaksies.
  LET WEL: Dit is om leiding te gee waar om 'n punt toe te ken. In sommige vrae, word 'n voorbeeld van 'n volpunt-antwoord waar nodig, verskaf. In ander vrae word slegs een of twee voorbeelde verskaf.
- Nasieners moet GEEN volpunte toeken vir antwoorde wat oppervlakkig/minimaal is of waar al die vereistes van die kompleksiteitsvlak van die vraag nie nagekom is nie.
- Nasien moet geskied ten opsigte van wat die kandidate weet en nie wat hy/sy nie weet nie.
- EEN ✓ = EEN punt, afhangend van die vereistes van die vraag, tot en met die maksimum punte.
- **Geen** ½ punte mag toegeken word nie.

NASIENFORMAAT:

Vrae wat een regmerk per punt vereis:

- EEN regmerkie ✓ = EEN punt afhangende van die vereistes van die vrae
- Regmerke moet geplaas word, waar 'n punt vir die inhoud toegeken is

Voorbeeld:

Vraag: Wat is dans?

Antwoord: Dans is beweging van die liggaam ✓ wat emosies uitbeeld ✓ en ook 'n storie kan kommunikeer. ✓ (3)

- Waar antwoorde die maksimum punte oorskry, skryf **MAKS PUNTE** by die punt waar dit bereik was.
- Plaas die antwoord tussen hakies aan die linkerkant se kantlyn om aan te dui dat dit gelees was.

Nasien kwalitatiewe vrae:

- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word
- Wanneer kwalitatiewe vrae gemerk word, ken slegs volpunte toe as al die areas ingesluit is.
- Kyk op die volgende bladsy in die antwoordeboek om seker te maak dat jy nie 'n gedeelte van die antwoord uitgelaat het nie
- **LET WEL:** daar is spesifieke nasieninstruksies in die vrae wat van 'n nasienrubriek gebruik maak

Berekening van die puntetotaal:

- Dui die puntetotaal wat per vraag behaal is in die regterkantse kantlyn aan die einde van die antwoord met 'n diagonale lyn bo die totaal aan.
- Hierdie totaal moet herhaaldelik omkring word aan die begin van die vraag in die linkerkantse kantlyn en omsingel. Plaas jou voorletters langs hierdie totaal.

Voorbeeld:

(8) **WJC**	VRAAGNOMMER … Begin van die antwoord Einde van die antwoord	/**8**

AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG

VRAAG 1: DANSBESERINGS

LAE VLAK	**1.1**	**Identifisering**	**1 punt**
	1.3	**Verduideliking**	**5 punte**
MEDIUM VLAK	**1.2**	**Bespreking**	**3 punte**
	1.4	**Bespreking**	**6 punte**

	INHOUD VIR ASSESSERING	DENKPROSES Stappe wat kandidate moet volg om te antwoord
1.1	Dans-verwante beserings	1. Lees vir begrip 2. Herroep
1.2	Omgewing en tegniek-verwante oorsake	1. Lees vir begrip 2. Herroep 3. Trek relevante faktore wat besering kan veroorsaak uit
1.3	Behandeling	1. Herroep 2. Pas begrip van hoe 'n behandelingsplan gebruik is
1.4	Gevolge van besering	1. Herroep 2. Begrip van die gevolge van besering 3. Pas begrip van geestestoestand en fisiese impak op 'n danser toe

1.1 IDENTIFISEER DIE BESERING

Verwagte reaksies:
- Skeenbeensplinters
- Verrekking

Enige ander relevante antwoorde in verband met die dans-verwante besering in die scenario (1)

1.2 BESPREEK HOE FAKTORE TOT DIE BESERING GEÏNDENTIFISEER IN 1.1 KAN LEI

Verwagte reaksies:
Moontlike areas wat aangespreek kan word:

Omgewingsoorsake:
- Hard/sement/geteer/klipgruisoppervlak
- Ongelyke oppervlak
- Glyerig/nat
- Grootte
- Ventilasie

Enige ander relevante antwoorde in verband met omgewingsoorsake van die besering

Tegniek-verwante oorsake:
- Oorgebruik
- Ooroefen
- Kondisionering
- Opvoeding
- Tegniek

Enige ander relevante antwoorde in verband met tegniek-verwante oorsake van die besering (3)

Voorbeeld van 'n antwoord:
- Aviwe mag dalk die verkeerde landings tegniek gebruik het waar sy druk op die voorste beenspiere geplaas het terwyl sy spronge gedoen het. ✓
- Sy mag dalk op 'n harde oppervlak gespring het wat nie die impak van die beweging geabsorbeer het nie. ✓

1.3 VERDUIDELIK HOE 'N BEHANDELINGSPLAN GENESING KAN AANMOEDIG

LET WEL:
- Kandidate kan onmiddellike en/of langtermyn behandelingsplanne verduidelik
- Moet nie punte vir 'n lys van behandeling toeken nie, kandidate moet verduidelik hoe die behandelingsplan genesing aanmoedig
- Die behandeling wat verduidelik word moet verband hou met die besering wat in 1.1 geïdentifiseer word

Verwagte reaksies:
Moontlike areas wat aangespreek kan word:
- Rus
- Ys
- Kompressie
- Elevasie
- Hitte
- Fisioterapie
- Akupunktuur

Enige ander relevante antwoorde in verband met 'n behandelingsplan wat genesing aanmoedig (5)

Voorbeeld van 'n antwoord:
- Rus en stop alle aktiwiteite om verdere skade te vermy. ✓
- Om ys op die onderste bene te plaas sal swelling verminder. ✓
- 'n Fisioterapeut kan 'n danser rehabilitasie-oefeninge gee wat daagliks voltooi moet word. ✓

1.4 BESPREEK DIE GEESTESTOESTAND EN FISIESE IMPAK 'N BESERING OP 'N DANSER KAN HÊ

LET WEL:
- Kandidate kan meer oor een aspek as die ander skryf
- Kandidate moet albei geestestoestand en fisiese impakte op 'n danser insluit om volpunte toe te ken
- Wanneer kandidate slegs een aspek aanspreek, ken ‘n maksimum van VYF punte toe

Verwagte reaksies:
Moontlike areas wat aangespreek kan word:
- Tegniek
- Komponente van fiksheid
- Depressie/angs
- Toewyding

- Kroniese besering
- Loopbaan lewensduur
- Self-vertroue/opvoeringskwaliteit

Enige ander relevante antwoorde in verband met die impak van die besering op 'n danser (6)

Voorbeeld van 'n antwoord:
- 'n Gebrek aan komponente van fiksheid kan gebeur want 'n danser sal moet rus van die besering en herstel. ✓
- 'n Beseerde danser kan aan depressie lei omdat hulle nie elke dag kan dans nie. ✓

[15]

VRAAG 2: KOMPONENTE VAN FIKSHEID

LAE VLAK	**2.1**	**Kies**	**6 punte**
	2.3.1	**Noem**	**4 punte**
MEDIUM VLAK	**2.2**	**Verduideliking**	**6 punte**
HOËVLAK	**2.3.2**	**Evaluering**	**4 punte**

	INHOUD VIR ASSESSERING	**DENKPROSES** **Stappe wat kandidate moet volg om te antwoord**
2.1	Komponente van fiksheid	1. Herroep
2.2	Komponente van fiksheid: voordele van krag en soepelheid	1. Herroep 2. Begrip van die voordele van krag en soepelheid
2.3.1	Neuromuskulêre vaardighede	1. Herroep
2.3.2	Neuromuskulêre vaardighede en beserings voorkoming	1. Herroep 2. Begrip van die belangrikheid van neuromuskulêre vaardighede 3. Pas begrip van beseringsvoorkoming toe

2.1 KIES DIE KORREKTE WOORD(E)

Verwagte reaksies:

2.1.1 progressiewe oorlading (1)

2.1.2 kardiorespiratoriese uithouvermoë (1)

2.1.3 spierkrag (1)

2.1.4 dinamiese strekking (1)

2.1.5 kernstabiliteit (1)

2.1.6 statiese strekking (1)

2.2 VERDUIDELIK HOE KRAG EN SOEPELHEID 'N DANSER BEVOORDEEL

LET WEL:
- Kandidate moet enige SES voordele van krag en soepelheid verduidelik
- Kandidate kan meer oor een komponent as die ander skryf, maar moet albei in hul antwoord insluit
- Wanneer kandidate slegs een komponent van fiksheid aanspreek, ken ‘n maksimum van VYF punte toe

Verwagte reaksies:
Moontlike areas wat aangespreek kan word:

Krag:
- Moegheid
- Doeltreffendheid
- Maatwerk
- Balans en beheer
- Beseringsvoorkoming

Soepelheid:
- Omvang van beweging
- Gemak van beweging
- Lyn en vorm
- Beseringsvoorkoming

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe krag en soepelheid 'n danser bevoordeel (6)

Voorbeeld van 'n antwoord:
- As 'n danser goeie ontwikkelde krag in hul bene het, sal hul spronge gemaklik kan uitvoer. ✓
- Dit is ook noodsaaklik vir dansers om goeie krag in die arms te hê want hulle mag dalk ander dansers moet oplig. ✓

2.3.1 NOEM VIER NEUROMUSKULÊRE VAARDIGHEDE

LET WEL:
- As meer as VIER neuromuskulêre vaardighede verskaf word, merk slegs die eerste VIER

Verwagte reaksies:
- Koördinasie
- Ruimtelike bewustheid
- Kinestetiese bewustheid
- Ratsheid
- Reaktiwiteit
- Balans
- Handhawing van ritme

Enige ander antwoord in verband met die noem van neuromuskulêre vaardighede (4)

2.3.2 EVALUEER DIE VERHOUDING TUSSEN NEUROMUSKULÊRE VAARDIGHEDE EN BESERINGSVOORKOMING

LET WEL:
- Moet nie punte vir slegs die definiëring van neuromuskulêre vaardighede toe ken nie, kandidate moet die verhouding tussen neuromuskulêre vaardighede en beserings voorkoming evalueer
- Kandidate kan oor een of meer neuromuskulêre vaardigheid/-hede uitbrei

Verwagte reaksies:
Moontlike areas wat aangespreek kan word:
- Koördinasie
- Ruimtelike bewustheid
- Kinestetiese bewustheid
- Ratsheid
- Reaktiwiteit
- Balans
- Handhawing van ritme

Enige ander relevante antwoorde wat verband hou met die evaluering van die verhouding tussen neuromuskulêre vaardighede en beseringsvoorkoming (4)

Voorbeeld van 'n antwoord:
Om ruimtelike bewustheid te hê laat dansers toe om bewus van hul omgewing te wees terwyl hulle opvoer; dit sal verseker dat hulle nie vas teen mekaar stamp nie. ✓ Kinestetiese bewustheid laat die danser toe om die bewegings korrek uit te voer wat sal verseker dat daar geen onnodige druk op die gewrigte en spiere geplaas word nie. ✓ Goeie ontwikkelde balans verhoed dat dansers tydens draaie omval. ✓ Die begrip van hoe om verskillende liggaamsdele te koördineer laat dansers toe om bewegings doeltreffend uit te voer. ✓

[20]

VRAAG 3: ALGEMENE GESONDHEIDSORG

LAE VLAK	**3.1.1**	**Maak 'n lys**	**5 punte**
		OF	
	3.2.1	**Aanbeveel**	**5 punte**
HOËVLAK	**3.1.2**	**Gee**	**5 punte**
		OF	
	3.2.2	**Bespreking**	**5 punte**

	INHOUD VIR ASSESSERING	**DENKPROSES** **Stappe wat kandidate moet volg om te antwoord**
3.1.1	Stereotipes	1. Herroep
3.1.2	Stereotipes	1. Herroep 2. Begrip van kulturele/sosiale verwagtinge 3. Gee 'n opinie oor hoe dit dansstereotipes beïnvloed
		OF
3.2.1	Liggaamsbeeld	1. Herroep
3.2.2	Liggaamsbeeld	1. Herroep 2. Begrip van die impak van sosiale media 3. Bespreek die impak op 'n danser se liggaamsbeeld

3.1.1 MAAK 'N LYS VAN VYF STEREOTIPES OOR DANS

LET WEL:
- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid antwoorde/idees verskaf en reaksies mag dalk nie in die handboek verskyn nie
- As meer as VYF stereotipes verskaf word, merk slegs die eerste VYF
- Kandidate mag vele stereotipes vir een area identifiseer of stereotipes vir verskillende areas identifiseer

Verwagte reaksies:
Moontlike areas wat aangespreek kan word:
- Geslag
- Ras
- Intelligensie
- Liggaamlikheid
- Vermoë
- Geloof/Geestelikheid

Enige ander relevante antwoorde in verband met stereotipes oor dans (5)

3.1.2 GEE 'N OPINIE OOR HOE KULTURELE EN/OF SOSIALE VERWAGTINGE DANSSTEREOTIPES BEÏNVLOED

LET WEL:
- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid antwoorde/idees verskaf en reaksies mag dalk nie in die handboek verskyn nie
- Moet nie punte vir slegs die verduideliking van stereotipes toe ken nie, kandidate moet 'n opinie gee oor hoe kulturele en/of sosiale verwagtinge dansstereotipes beïnvloed

- Kandidate mag/mag nie na die stereotipes wat in 3.1.1 genoem word in hul antwoorde verwys nie

Verwagte reaksies:
Moontlike areas wat aangespreek kan word:

- Geslag
- Ras
- Intelligensie
- Liggaamlikheid
- Vermoë
- Geloof/Geestelikheid

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe kulturele en/of sosiale verwagtinge danssstereotipes beïnvloed (5)

Voorbeeld van 'n antwoord:
Kulturele en sosiale verwagtinge speel 'n belangrike rol in die vorming van danssstereotipes. In baie samelewings is geslagsrolle diep ingewortel, wat tot oortuigings dat dans vroulik en ongeskik is vir seuns, lei. ✓ Mediavoorstellings versterk dikwels hierdie idees deur sekere liggaamstipes, ✓ of dansstyle, ✓ as die norm ten toon te stel, wat dansers kan uitskuif wat nie by daardie vorm pas nie. Boonop kan sommige kulture akademiese sukses bo artistieke uitdrukking prioritiseer, wat veroorsaak dat dans onderwaardeer word en as minder belangrik beskou word. ✓ Hierdie verwagtinge beperk deelname, ontmoedig diversiteit en voorkom dat dans as 'n kragtige vorm van kommunikasie en uitdrukking waardeer word. ✓ **MAKS PUNTE**

OF

3.2.1 BEVEEL VYF MANIERE OM LIGGAAMSBEELD TE VERBETER AAN

LET WEL:

- As meer as VYF maniere verskaf word, merk slegs die eerste VYF

Verwagte reaksies:
Moontlike areas wat aangespreek kan word:

- Komplimente
- Bevestigings
- Portuur-ondersteuningsgroepe
- Joernaal skryf
- Positiewe self-spraak
- Voeding
- Oefening/fiksheid

Enige ander relevante antwoorde in verband met die aanbeveling van maniere hoe 'n danser liggaamsbeeld kan verbeter (5)

3.2.2 BESPREEK DIE IMPAK WAT SOSIALE MEDIA OP 'N DANSER SE LIGGAAMSBEELD HET

LET WEL:
- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid antwoorde/idees verskaf en reaksies mag dalk nie in die handboek verskyn nie
- Kandidate mag dalk negatief en/of positief in hul antwoorde reageer

Verwagte reaksies:
Moontlike areas wat aangespreek kan word:
- Voorkoms
- Voeding
- Tegniek
- Geestesgesondheid
- Houdings en waardes
- Beserings

Enige ander relevante antwoorde in verband met die impak van sosiale media op 'n danser se liggaamsbeeld (5)

Voorbeeld van 'n antwoord:
Sosiale media kan albei positiewe en negatiewe effekte op 'n danser se liggaamsbeeld hê:
- Sosiale media bevorder dikwels onrealistiese skoonheidstandaarde met geredigeerde foto's en geïdealiseerde liggaamstipes wat dansers onvoldoende kan laat voel ✓ of onder druk geplaas word om op 'n sekere manier te lyk. ✓
- Negatiewe invloede op sosiale media kan tot lae selfbeeld, ✓ ongesonde gewoontes, ✓ of dalk na eetversteurings lei. ✓
- Sosiale media kan ook 'n spasie vir liggaamspositiwiteit wees, waar dansers hul reis kan deel, ✓ diversiteit vier, ✓ en mekaar ondersteun. ✓

Hoe dansers sosiale media gebruik is belangrik. Om bedag te wees oor waarin hulle inkoop en rekeninge wat gesonde, inklusiewe en bemagtigende boodskappe bevorder, te volg kan dansers positief beïnvloed. **MAKS PUNTE**

[10]

VRAAG 4: DANSOPVOERING

LAE VLAK	**4.1**	**Definiëring**	**2 punte**
	4.2	**Aanbeveel**	**3 punte**
MEDIUM VLAK	**4.3**	**Verduideliking**	**5 punte**
HOË VLAK	**4.4**	**Bespreking**	**5 punte**

	INHOUD VIR ASSESSERING	**DENKPROSES Stappe wat kandidate moet volg om te antwoord**
4.1	Musikaliteit	1. Herroep
4.2	Musikaliteit	1. Herroep
4.3	Waardes en houdings, dansopvoering	1. Herroep 2. Pas begrip tot dansopvoering toe
4.4	Veilige danstegniek(e)	1. Herroep 2. Begrip van veilige danstegniek(e) 3. Besin oor eie ervaring 4. Pas begrip van veilige danstegniek(e) in voorbereiding vir 'n finale praktiese danseksamen toe

4.1 DEFINIEER MUSIKALITEIT

Verwagte reaksies:
Moontlike areas wat aangespreek kan word:
- Uitdrukking
- Tyd
- Verpersoonliking
- Kommunikasie

Enige ander relevante antwoorde in verband met die definiëring van musikaliteit (2)

Voorbeeld van 'n antwoord:
- Die vermoë om bewegings by die musiek te pas ✓ asook om die verskillende emosies van die musiek te interpreteer. ✓

4.2 BEVEEL DRIE MANIERE AAN OM MUSIKALITEIT TE ONTWIKKEL

LET WEL:
- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid antwoorde/idees verskaf en reaksies mag dalk nie in die handboek verskyn nie
- As meer as DRIE maniere verskaf word, merk slegs die eerste DRIE

Verwagte reaksies:
Moontlike areas wat aangespreek kan word:
- Luister na verskillende musiek/begeleiding met verskeie:
  - Musiekgenres/style
  - Spoed
  - Dinamika
  - Tydmaattekens
  - Ritmes
  - Melodieë

- Instrumentasie
- Klankeffekte

Enige ander relevante antwoorde in verband met die aanbeveling van maniere om musikaliteit te ontwikkel (3)

Voorbeeld van 'n antwoord:
- 'n Danser kan musikaliteit ontwikkel deur om eerste die ritme van die musiek te klap. ✓
- 'n Danser kan musikaliteit ontwikkel deur na verskillende musiekgenres te luister en die bewegings aan te pas om by die genre te pas. ✓

4.3 VERDUIDELIK HOE WAARDES EN/OF HOUDINGS WAT IN DANS GELEER WORD DANSOPVOERING BEVOORDEEL

LET WEL:
- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid antwoorde/idees verskaf en reaksies mag dalk nie in die handboek verskyn nie
- Kandidate mag nie slegs waardes en/of houdings lys nie, kandidate moet verduidelik hoe dit dansopvoering bevoordeel

Verwagte reaksies:
Moontlike areas wat aangespreek kan word:
- Toewyding
- Respek
- Aanspreeklikheid
- Dissipline
- Self-vertroue
- Spanwerk
- Tydsbestuur
- Voorbereidheid
- Stiptelikheid

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe die waardes en/of houdings wat in Dansstudies geleer word, dansopvoering bevoordeel (5)

Voorbeeld van 'n antwoord:
- Toewyding laat die danser toe om aan elke beweging toegewyd te wees wat die dansroetine verfynd en geloofwaardig maak. ✓
- Wanneer ek my tyd bestuur en genoeg rus kry sal ek nie moeg lyk gedurende my opvoering nie. ✓

4.4 BESPREEK HOE DIE TOEPASSING VAN VEILIGE DANSTEGNIEK VOORBEREIDING VIR 'N PRAKTIESE DANSEKSAMEN ONDERSTEUN

LET WEL:
- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid antwoorde/idees verskaf en reaksies mag dalk nie in die handboek verskyn nie
- Moet nie 'n punt vir slegs die verduideliking van veilige danstegniek toe ken nie, kandidate moet bespreek hoe dit hulle ondersteun om vir hul finale praktiese eksamen voor te berei

- Kandidate mag vele tegnieke vir een area bespreek of tegnieke vir verskillende areas bespreek

Verwagte reaksies:
Moontlike areas wat aangespreek kan word:

- Oogfokus ('spotting')
- Veilige landings
- Opwarming en/of afkoeling
- Postuur en belyning
- Komponente van fiksheid
- Gebruik van die vloer
- Uitdraai

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe toepassing van veilige danstegniek(e) jou ondersteun het om vir 'n finale praktiese eksamen voor te berei (5)

Voorbeeld van 'n antwoord:

- Oogfokus tydens draaie het my gehelp om my balans te handhaaf wat beteken dat ek foutelose draaie gedurende my eksamen kon hê. ✓
- Om deur my voete te land en my knieë te buig na spronge was ek in staat om besering te vermy voor my finale eksamen. ✓

[15]

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN GELETTERDHEID

VRAAG 5: IMPROVISASIE EN CHOREOGRAFIE

LAE VLAK	**5.1**	**Kies**	**5 punte**
	5.3.1	**Identifisering**	**5 punte**
MEDIUM VLAK	**5.3.2**	**Verduideliking**	**5 punte**
HOË VLAK	**5.2**	**Bespreking**	**5 punte**
	5.4	**Besinning**	**5 punte**

	INHOUD VIR ASSESSERING	**DENKPROSES** **Stappe wat kandidate moet volg om te antwoord**
5.1	Choreografiese/improvisasie terminologie	1. Herroep 2. Kies die korrekte definisie
5.2	Improvisasie	1. Herroep 2. Besin oor eie ervaring 3. Pas begrip van hoe dit kreatiwiteit ontwikkel toe 4. Staaf met voorbeelde
5.3.1	Visuele geletterdheid: choreografiese strukture en/of danselemente	1. Ontleed die foto 2. Herroep 3. Pas begrip op die foto toe
5.3.2	Visuele geletterdheid: choreografiese strukture en/of danselemente	1. Ontleed die foto 2. Herroep 3. Pas begrip op die foto toe
5.4	Choreografiese strukture, danselemente en simbolisme	1. Herroep 2. Besin oor eie ervaring 3. Pas begrip toe van hoe choreografiese strukture en/of danselemente gebruik word om betekenis oor te dra

5.1 KIES DEFINISIES

Verwagte reaksies:

5.1.1 E (1)

5.1.2 A (1)

5.1.3 D (1)

5.1.4 C (1)

5.1.5 B (1)

5.2 BESPREEK HOE IMPROVISASIE KREATIWITEIT ONTWIKKEL

Verwagte reaksies:
Moontlike areas wat aangespreek kan word:
- Bewegingswoordeskat
- Interpretasie
- Tema(s)/bedoeling
- Samesmelting(fusie)
- Saamwerk
- Musikaliteit

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe improvisasie kreatiwiteit ontwikkel (5)

Voorbeeld van 'n antwoord:
- Deur verskillende musiekgenres te gebruik tydens improvisasie kan 'n danser se kreatiwiteit ontwikkel omdat dit hulle kan lei om verskeie bewegings style te verken. ✓

5.3.1 ONTLEED DIE FOTO: IDENTIFISEER VYF CHOREOGRAFIESE STRUKTURE EN/OF DANSELEMENTE

LET WEL:
- As meer as VYF choreografiese strukture en/of danselemente verskaf word, merk slegs die eerste VYF

Verwagte reaksies:
Moontlike areas wat aangespreek kan word:
- Ruimte
- Tyd
- Krag
- Rigting
- Patroon
- Kontak/maatwerk
- Begin en eindes
- Klimaks
- Vlakke

Enige ander relevante antwoorde in verband met die identifisering van choreografiese strukture en/of danselemente wat in die foto gebruik word (5)

5.3.2 ONTLEED DIE FOTO: VERDUIDELIK HOE DIE CHOREOGRAFIESE STRUKTURE EN/OF DANSELEMENTE WAT IN 5.3.1 GEÏDENTIFISEER IS, GEBRUIK WORD

LET WEL:
- Moet nie punte toeken as die kandidaat nie 'n punt vir die choreografiese struktuur en/of danselemente geïdentifiseer in 5.3.1 toegeken was nie
- Kandidate moet verduidelik hoe ELK van die choreografiese strukture en/of danselemente wat in 5.3.1 geïdentifiseer word, in die foto gebruik is

Verwagte reaksies:
Moontlike areas wat aangespreek kan word:
- Ruimte
- Tyd
- Krag
- Rigting
- Patroon
- Kontak/maatwerk
- Begin en eindes
- Klimaks
- Vlakke

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe choreografiese strukture en/of danselemente in die foto gebruik word (5)

Voorbeeld van 'n antwoord:
- Verskillende vlakke word in die foto getoon deur sommige dansers wat op 'n medium vlak buig. ✓

5.4 BESIN OOR HOE CHOREOGRAFIESE STRUKTURE EN/OF DANSELEMENTE GEBRUIK WORD OM BETEKENIS UIT TE BEELD

LET WEL:
- Moet nie punte vir slegs beskrywings van choreografiese strukture en/of danselemente toe ken nie, kandidate moet besin oor hoe hulle dit gebruik het om betekenis uit te beeld

Verwagte reaksies:
Moontlike areas wat aangespreek kan word:
- Ruimte
- Tyd
- Krag
- Patroon
- Motiewe
- Kontak/maatwerk
- Kanon
- Unisoon
- Begin en eindes
- Klimaks

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe choreografiese strukture en/of danselemente gebruik word om betekenis uit te beeld (5)

Voorbeeld van 'n antwoord:
- In my choreografie voer die dansers ingevlegte vorms met hul arms op om eenheid te simboliseer. ✓
- Ek maak gebruik van kontrasterende krag soos swaar en lig om emosionele onbalans te simboliseer. ✓

[25]

VRAAG 6: DANSGELETTERDHEID

LAE VLAK	**6.1**	**Kies**	**5 punte**
MEDIUM VLAK	**6.2**	**Brei uit**	**8 punte**
HOË VLAK	**6.3**	**Ontleding**	**12 punte**

	INHOUD VIR ASSESSERING	**DENKPROSES** **Stappe wat kandidate moet volg om te antwoord**
6.1	Dans-verwante loopbane	1. Herroep
6.2	Dans-verwante loopbane: danskritikus en choreograaf	1. Herroep 2. Begrip van die verskille en/of ooreenkomste
6.3	Hoofdansvorm: geskiedenis, beginsels/bewegingswoordeskat, eienskappe en evolusie	1. Herroep 2. Trek relevante inligting in verband met evolusie uit 3. Pas begrip toe van hoe die verskillende areas evolueer het

6.1 KIES DIE KORREKTE ANTWOORD

Verwagte reaksies:

6.1.1 C (1)

6.1.2 B (1)

6.1.3 C (1)

6.1.4 D (1)

6.1.5 D (1)

6.2 BREI UIT OP DIE ROLLE/VERANTWOORDLIKHEDE EN/OF VAARDIGHEDE VAN 'N DANSKRITIKUS EN 'N CHOREOGRAAF

LET WEL:
- Ken 'n maksimum van VIER punte vir ELKE dans-verwante loopbaan toe

Verwagte reaksies:
Moontlike areas wat aangespreek kan word:

Danskritikus:
- Kyk van opvoerings
- Evalueer/kritiek van opvoerings
- Skryf artikels
- Navorsing
- Rekenaar geletterdheid
- Taal/skryf vermoëns

Choreograaf:
- Navorsing
- Beplanning
- Organisering
- Skep
- Probleem oplossing
- Tydsbestuur

Enige ander relevante antwoorde in verband met die uitbrei van rolle/verantwoordelikhede en/of vaardighede van 'n danskritikus en 'n choreograaf

(2 x 4) (8)

Voorbeeld van 'n antwoord:

Danskritikus	Choreograaf
➢ Skryf artikels ✓ ➢ Evalueer die kwaliteit van optredes ✓ ➢ Goeie taal vaardighede ✓ ➢ Rekenaarvaardig ✓	➢ Skep bewegingsroetine vir produksies ✓ ➢ Fasiliteer repetisies ✓ ➢ Goeie kommunikasie vaardighede ✓ ➢ Goeie kennis van danstegnieke ✓

6.3 ONTLEED HOE DIE HOOFDANSVORM EVOLUEER HET

LET WEL:
- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word
- Moet nie punte vir slegs die verduideliking van geskiedenis, beginsels/ bewegingswoordeskat en eienskappe gee nie, kandidate moet ontleed hoe dit evolueer het
- Kandidate mag meer oor een area as 'n ander skryf
- Alle areas moet aangespreek word om volpunte toe te ken
- Gebruik die nasienrubriek wat verskaf word om die vlak van die kandidaat se antwoord te bepaal
    - Geen regmerke moet gebruik word nie

- Plaas die hele antwoord tussen hakies aan die linkerkantse kantlyn om aan te dui dat die hele antwoord gelees is

Verwagte reaksies:
Moontlike areas wat aangespreek kan word in verband met die evolusie van die hoofdansvorm:

Historiese konteks:
- Oorsprong
- Pioniers
- Doel/funksie
- Sosio-politieke/artistiese invloede

Beginsels/Bewegingswoordeskat
- Tegniek
- Styl
- Gebare

Eienskappe/Kenmerke
- Kostuum/kleredrag
- Musiek/begeleiding
- Deelnemers
- Geslagsrolle

Enige ander relevante antwoorde wat verband hou met hoe die hoofdansvorm evolueer het (12)

NASIENRUBRIEK:

VLAKKE	KRITERIA	PUNTE
UITSTEKEND 7	Uitstekende en in-diepte begrip van die evolusie van die konteks, beginsels/bewegingswoordeskat en kenmerke van die hoofdansvorm	10–12
VERDIENSTELIK 6	Verdienstelike begrip van die evolusie van die konteks, beginsels/bewegingswoordeskat en kenmerke van die hoofdansvorm	9
BEDUIDENDE 5	Goeie begrip van die evolusie van die konteks, beginsels/bewegingswoordeskat en kenmerke van die hoofdansvorm	8
VOLDOENDE 4	Voldoende begrip van die evolusie van die konteks, beginsels/bewegingswoordeskat en kenmerke van die hoofdansvorm	6–7
MATIGE 3	Basiese begrip van die evolusie van die konteks, beginsels/bewegingswoordeskat en kenmerke van die hoofdansvorm	5
BASIESE 2	Beperkte begrip van die evolusie van die konteks, beginsels/bewegingswoordeskat en kenmerke van die hoofdansvorm	4
NIE BEREIK NIE 1	Minimaal/geen begrip van die evolusie van die konteks, beginsels/bewegingswoordeskat en kenmerke van die hoofdansvorm nie	0–3

Voorbeeld van 'n antwoord:
Kontemporêre dans:
Die woord kontemporêr op sigself beteken verander en ontwikkel. Dit is 'n bewys van hoe kontemporêre dans vir altyd sal groei en ontwikkel. Kontemporêre dans het die samelewingsnorme van ballet verbreek wat hoofsaaklik deur wit dansers uitgevoer is en 'n veilige en inklusiewe ruimte geskep vir mense van alle kulture en agtergronde om te dans. Die bewegings in kontemporêre dans ontwikkel namate elke danser wat 'n styl leer, hul eie persoonlike styl formuleer wat uiteindelik die dansvorm ontwikkel. As ons spesifiek na Martha Graham se tegniek gebaseer op "sametrekking en vrylating" kyk, kan ons ontleed hoe dit ontwikkel het deur te wil verstaan hoe asemhaling die emosies beïnvloed en die liggaam se reaksie daarop. Nog 'n pionier, Isadora Duncan, was gefassineer met die narratief en het die idee om skoene wat gedra was terwyl sy dans weg te gooi in 'n poging om 'n verbinding met die grond te maak. In kontemporêre dans, versmelt kunstenaars vandag dansgenres en maak gebruik van gebare van alledaagse beweging om nuwe bewegingswoordeskat vir hul werke te ontwikkel. Kontemporêre dans het ook ruimtes geskep vir kunstenaars om werke oor kunsdissiplines heen te skep. Kontemporêre dans kunstenaars skep dikwels multidissiplinêre werke om sosio-politieke kwessies te kommunikeer wat help om bewustheid te skep. Uiteindelik het kontemporêre dans 'n voertuig vir refleksie, opvoeding en uitdrukking geword.

[25]

VRAAG 7: DANSWERK

LAE	**7.1**	**Skryf**	**4 punte**
MEDIUM VLAK	**7.2**	**Bespreking**	**10 punte**
	7.3	**Verduideliking**	**6 punte**
HOË VLAK	**7.4**	**Beskrywing en Stawing**	**5 punte**

	INHOUD VIR ASSESSERING	**DENKPROSES Stappe wat kandidate moet volg om te antwoord**
7.1	Danswerk: sinopsis/tema/bedoeling	1. Herroep
7.2	Danswerk: produksie elemente	1. Herroep 2. Pas begrip van hoe produksie elemente simboliese betekenis oordra
7.3	Danswerk: bewegingswoordeskat	1. Herroep 2. Pas begrip toe van hoe die bewegingswoordeskat die tema ondersteun
7.4	Danswerk: visuele geletterdheid	1. Ontleed die foto 2. Herroep 3. Konseptualiseer die danswerk in 'n nie-konvensionele ruimte 4. Staaf met voorbeelde

7.1 SKRYF DIE SINOPSIS/TEMA/BEDOELING

Verwagte reaksies:
- Inspirasie
- Bedoeling
- Oorsig van afdelings/toneelstukke

Enige ander relevante antwoorde in verband met die sinopsis/tema/bedoeling (4)

7.2 BESPREEK HOE PRODUKSIE-ELEMENTE SIMBOLIESE BETEKENIS UIT BEELD

LET WEL:
- Moet nie punte vir slegs beskrywings van produksie-elemente toeken nie, kandidate moet bespreek hoe dit gebruik word om simboliese betekenis uit te beeld

Verwagte reaksies:
Moontlike areas wat aangespreek kan word:
- Beligtingsontwerp/spesiale effekte/projeksies
- Kostuum
- Stelontwerp
- Musiek en/of begeleiding
- Rekwisiete
- Opvoerruimte

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe die produksie-elemente simboliese betekenis uit beeld (10)

7.3 VERDUIDELIK HOE DIE BEWEGINGSWOORDESKAT DIE TEMA/BEDOELING ONDERSTEUN

LET WEL:
- Moet nie punte vir slegs beskrywings van die bewegingswoordeskat toeken nie, kandidate moet verduidelik hoe die bewegingswoordeskat die tema/bedoeling ondersteun

Verwagte reaksies:
Moontlike areas wat aangespreek kan word:
- Genres/style
- Beginsels/kenmerke (eienskappe)
- Samesmelting (fusie)
- Gebare
- Motiewe
- Groep/maatwerk
- Danselemente
- Choreografiese strukture

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe die bewegingswoordeskat die tema/bedoeling ondersteun (6)

7.4 BESKRYF HOE DIE NIE-KONVENSIONELE RUIMTE DIE TEMA(S) KAN ONDERSTEUN

LET WEL:
- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid antwoorde/idees verskaf en reaksies mag dalk nie in die handboek verskyn nie
- Moet nie punte vir slegs die beskrywing van die danswerk in die nie-konvensionele ruimte toe ken nie, kandidate moet staaf hoe die nie-konvensionele ruimte die tema(s) van die danswerk kan ondersteun

Verwagte reaksies:
Moontlike areas wat aangespreek kan word:
- Struktuur
- Opvoerders
- Produksie elemente
- Bewegingswoordeskat
- Danselemente
- Choreografiese strukture

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe die nie-konvensionele ruimte die tema(s) van die danswerk kan ondersteun (5)

Voorbeeld van 'n antwoord:
Four Seasons:
In orde om die tema van *Four Seasons* te ondersteun sal ek fokus om die dansers per seisoen in die nie-konvensionele ruimte op te verdeel. Byvoorbeeld, ek sal die dansers wat die Winter-seisoen uitvoer voor by die grys blok verplaas; die geometriese vorms ondersteun die tema van winter omdat hulle hard en stram is. ✓ Ek sal die grasarea vir die Lente-seisoen gebruik omdat dit blomme het wat simbolies van blomme wat in lente groei en blom, is. ✓ Vir die Herfs-seisoen sal ek die dansers by die rooi baksteen muur verplaas omdat die kleur die val van blare gedurende herfs simboliseer. ✓ Laastens sal ek die dansers wat Somer uitvoer reg bo op die gebou plaas omdat dit die naaste aan die stralende son is, wat na die warmte van somer verwys. ✓ Elke seisoen sal een na die ander in 'n sirkelvorm uitgevoer word om die idee van die sirkel van die lewe te ondersteun. ✓

[25]

VRAAG 8: CHOREOGRAAF

MEDIUM VLAK	**Skepping**	**12 punte**
HOË VLAK	**Skepping**	**3 punte**

	INHOUD VIR ASSESSERING	DENKPROSES Stappe wat kandidate moet volg om te antwoord
8	Choreograaf: agtergrond, dansopleiding, professionele loopbaan, choreografiese eienskappe en bydrae	1. Herroep 2. Trek relevante inligting in verband met die vyf kolpunte uit 3. Konseptualiseer 'n breinkaart 4. Ontwerp en organiseer die breinkaart

8 SKEP 'N BREINKAART

LET WEL:
- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word
- Kandidate mag meer oor een kolpunt as die ander skryf
- Alle kolpunte moet aangespreek word om volpunte toe te ken
- Gebruik die nasienrubriek wat verskaf word om die vlak van die kandidaat se antwoord te bepaal
  - Geen regmerke moet gebruik word nie
  - Plaas die hele antwoord tussen hakies aan die linkerkantse kantlyn om aan te dui dat die hele antwoord gelees is
  - Skryf die punte wat vir elke rubriek toegeken word aan die begin of aan die einde van die kandidaat se antwoord afhangende van die spasie beskikbaar
    Bv. Inhoud = 12
    Formaat = 3

Verwagte reaksies:
Moontlike areas wat aangespreek kan word:

<u>Inhoud:</u>
Agtergrond:
- Geboorte datum/plek
- Nasionaliteit
- Grootword/sosio-politieke konteks

Enige ander relevante antwoorde in verband met die choreograaf se agtergrond

Dansopleiding:
- Invloede
- Vroeë opleiding geleenthede of die gebrek daarvan
- Dansskole/dansgeselskappe/opvoeders

Enige ander relevante antwoorde in verband met die choreograaf se opleiding

Professionele loopbaan:
- Invloede
- Inspirasie
- Sosio-politieke konteks
- Medewerkers
- Dansgeselskappe
- Werke geskep

Enige ander relevante antwoorde in verband met die choreograaf se professionele loopbaan

Choreografiese eienskappe:
- Dansstyle/samesmelting
- Inspirasie
- Temas
- Produksie elemente
- Multidissiplinêre kuns

Enige ander relevante antwoorde in verband met die choreograaf se choreografiese eienskappe/kenmerke

Bydrae tot die danssamelewing:
- Opvoeding
- Uitreikprogramme
- Toekennings
- Werkskepping

(12)

Enige ander relevante antwoorde in verband met die choreograaf se bydrae tot die danssamelewing (3)

Formaat: (1-2 bladsye)
- Organisasie
- Kreatiwiteit
- Visuele impak

NASIENRUBRIEK VIR INHOUD:

VLAKKE	KRITERIA	PUNTE
UITSTEKEND 7	Uitstekende en in-diepte begrip van die choreograaf se agtergrond, dansopleiding, professionele loopbaan, choreografiese eienskappe en bydrae tot die dansgemeenskap	10–12
VERDIENSTELIK 6	Verdienstelike begrip van die choreograaf se agtergrond, dansopleiding, professionele loopbaan, choreografiese eienskappe en bydrae tot die dansgemeenskap	9
BEDUIDENDE 5	Goeie begrip van die choreograaf se agtergrond, dansopleiding, professionele loopbaan, choreografiese eienskappe en bydrae tot die dansgemeenskap	8
VOLDOENDE 4	Voldoende begrip van die choreograaf se agtergrond, dansopleiding, professionele loopbaan, choreografiese eienskappe en bydrae tot die dansgemeenskap	6–7
MATIGE 3	Basiese begrip van die choreograaf se agtergrond, dansopleiding, professionele loopbaan, choreografiese eienskappe en bydrae tot die dansgemeenskap	5
BASIESE 2	Beperkte begrip van die choreograaf se agtergrond, dansopleiding, professionele loopbaan, choreografiese eienskappe en bydrae tot die dansgemeenskap	4
NIE BEREIK NIE 1	Minimaal/Geen begrip van die choreograaf se agtergrond, dansopleiding, professionele loopbaan, choreografiese eienskappe en bydrae tot die dansgemeenskap nie	0–3

NASIENRUBRIEK VIR FORMAAT:

VLAKKE	KRITERIA	PUNTE
UITSTEKEND 7	Uitstekende organisasie van inligting, kreatiwiteit en visuele impak	3
BEDUIDENDE 5	Goeie organisasie van inligting, kreatiwiteit en visuele impak	2
BASIESE 2	Beperkte organisasie van inligting, kreatiwiteit en visuele impak	1
NIE BEREIK NIE 1	Geen organisasie van inligting, kreatiwiteit en visuele impak nie	0

[15]

TOTAAL AFDELING B: 90
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou